Informa

Oktober 2004 - 6 Amptelike nuusblad van die personeel van die UV/Official newsletter of the staff of the UFS

# UFS shows its appreciation



Wow, what a year. Honorary doctorates... opening of Centenary Complex... Moshoeshoe documentary... and an important highlight for many – the centenary medals. The university used the centenary year to honour 137 present and previous staff members and students for their contribution to the establishment, development and transformation of this institution.

Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-chancellor of the UFS said, "The celebration of an institution's Centenary is a privilege. It is an important opportunity to look back appreciatively and critically, and to communicate the result of the introspection visibly. It is an opportunity to take stock and to count blessings."

During the Centenary Medal award ceremony the university honoured people from a wide spectrum. A number of them told *Informa* what this medal meant to them.

Mr Simon Khosana from Provisioning, who was honoured for his pioneering role in respect of labour relations in a trade union context, said that it is motivating when other people, especially top management, acknowledge your contribution. "A person thinks that nobody sees what you are doing and contributing," he said.

"I am working at the university for many years and I only experienced

Appreciation ... continue on p2

**MOOIRIVIER MAKELAARS bk**

**Spesialiseer in groepsversekering**

**Sekuriteit • Die beste prys • Die beste diens**


Kontak ons by (051) 447 6877, faks (051) 447 5758 of stuur e-pos aan mmbloem@mweb.co.za

# Know your HIV/AIDS status



*Senior managers of the UFS had blood samples taken at Kovsie Health as part of a symbolic gesture to encourage staff and students to become aware of their HIV/AIDS status. Here are Dr Petro Basson, Head: Kovsie Life-skills Centre, and Prof. Teuns Verschoor, Vice-rector: Academic Operations.*

# Prof. Leo praat by J.B.M. Hertzog-gedenklesing



*Prof. Leo Barnard.*

Prof. Leo Barnard van die Departement Geskiedenis aan die UV was die spreker by die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se 33ste J.B.M. Hertzoggedenklesing in Pretoria. Die tema van sy toespraak was *Die Anglo-Boereoorlog en sy naweë – die katarsis in die Afrikaner se geskiedenis.*

Appreciation ... from p2

happiness in my work," said Ms Nellie Handa from the Department Geography. She was honoured for her contribution in establishing a culture of service at the university.

Prof. Hennie van Coller from the Department Afrikaans, Dutch, German and French was acknowledged for his exceptional research record and contribution to the fields of Afrikaans and Theory of Literature at the university. He describes the moment: "Onverwags, maar 'n aangename verrassing. Erkenning doen geen mens kwaad nie."

Prof. Dap Louw from the Department Psychology was honoured for his outstanding research record and contribution to academic excellence and international linkages in the field of Forensic Psychology. He expressed his appreciation as follows: " 'n Universiteit is al beskryf as 'n organisasie wat immuun is teen sy eie kundigheid. Ek is daarom dankbaar dat die UV wel die belangrikheid besef van die basiese sielkundige waarheid. Recognition is the greatest motivator. Ek is ewe waarderend dat ek onder die uitgelese groep tel."

The university also acknowledged Prof. Helena van Zyl of the School of Management for her pioneering role as a woman in a senior management position at the School of Management. She said it is an indescribable honour to receive the medal. Firstly she appreciates that the university acknowledged her work and secondly she felt honoured to be one of only 137 persons receiving this award.

Ds Kiepie Jaftha, Chief Director: Community Service, was honoured for his pioneering role in the context of the Transformation Committee and the UFS Council. He also played a role in developing the UFS's community-service policy. He said: "It is a great honour to be recognised by an institution where my humble contributions are real and long-lasting. I want to pay tribute to those communities who afforded me the opportunity and trusted me to tackle and negotiate the transformation challenges on their behalf."

# Boyden bring stars to the people

"The Boyden Observatory is a unique facility of the UFS. We are one of the few universities in the world that has its own observatory," said Dr Matie Hoffman of the Department of Physics during the launch of the first phase of the new science centre at the Boyden Observatory outside Bloemfontein. This phase consists of a new auditorium, reception area and paths which connect educational visiting points on the Boyden terrain.

"Over the past two years the Boyden Observatory has been re-sited as a research, educational and public facility. The new facilities are now being utilised for educational and public programmes. The 1,5 m Boyden telescope has also recently been upgraded and is used for research purposes," said Dr Hoffman.

"The main purpose of the science centre is to create enthusiasm for science amongst the public. The centre also has a great educational function and focuses specifically on the improvement of the quality of science education in the Free State," said Dr Hoffman.

"Just as this year is a significant one for the UFS with its centenary celebrations, so it is also a significant one for the Boyden Observatory. The Harvard University in the United States of America started with the construction of the original 1,5 m telescope in its original form 100 years ago, the telescope was put in place at Boyden 70 years ago and Mr Uriah Boyden – the person who donated the money for the construction of the Boyden Observatory, was born 200 years ago," said Dr Hoffman. The first phase of the science centre was built with funds sponsored by the AngloGold Fund, the Shuttleworth Foundation, the Charl van der Merwe Trust and the Lila Theron Trust. Donations from the Friends of Boyden Observatory and other individuals also contributed to the success of the project.



*From the left, back: Prof. Francois Retief, previous UFS Rector, Prof. Herman van Schalkwyk, Dean of the Faculty of Natural and Agricultural Sciences, and Mr Ian Heyns, AngloGold Ashanti. Front: Dr Matie Hoffman and Ms Zeenat Patel-Kaskar, Shuttleworth Foundation.*

# Finesse-damesvereniging kies nuwe bestuur

Met die jaareindfunksie van die Finesse-damesvereniging is die nuwe bestuur aangewys. Me. Jill Jaftha is verkies tot sekretaresse in die plek van me. Zita Strydom, terwyl me. Annareth Spamer (voorsitter) en me. Ina Bubb (tesourier) hul ou portefeuljes behou.

Die vereniging bestaan reeds vir etlike jare. Byeenkomste vind elke ses weke gedurende etenstye plaas. Die doel van die byeenkomste is om wedersydse kommunikasie met medekollegas aan te wakker en om aan die lede iets sinvol te bied, hetsy kultuurgewys of opvoedkundig, asook opbouend van aard, sê me. Strydom.



*Van links is mes. Zita Strydom (vorige sekretaresse), Jill Jaftha (nuwe sekretaresse), Annareth Spamer (voorsitter), Ina Bubb (tesourier) en Anita van der Westhuizen (onthaalkoördineerder).*

# Alignment process exceeds expectations



During negotiations with NEHAWU are, from the left, back: Mr A.L. Kgabo, secretary for the negotiation team and coordinator: Human Resources, Qwaqwa campus; Mr M.J. Vezi, chairperson NEHAWU, Qwaqwa campus; Mr J. S. Berry, legal advisor, Phatshoane Henney Incorporated; Mr M. S. Shamane, chairperson NEHAWU, main campus branch; and Mr R. Makaka, union representative NEHAWU. Front: Mr R.G. Moji, secretary NEHAWU, Qwaqwa branch; Ms H.M. Du Plessis, Manager, Labour Relations; and Mr Geyer.



During negotiations with UVPERSU are from the left, back: Mr. C.J. Kok, UVPERSU representative Qwaqwa campus; Mr R.C. Gouws, vice-chairperson UVPERSU; Mr A.L. Kqabo, secretary for the negotiation forum; Mr A. Van Zyl, UVPERSU, Qwaqwa; and Mr B.T.S. Williams, UVPERSU. Middle: Mr L.A. Taoana, UVPERSU Qwaqwa; Dr E.J. Crause, UVPERSU Qwaqwa; Mr Geyer, Ms A. Lombard, CEO UVPERSU; and Ms H.M. Du Plessis, Manager: Labour Relations. Front: Prof. J.U. Grobbelaar, chairperson UVPERSU; and Prof. D.A. Viljoen, Chief Director: Operations.

In August 2004 *Informa* reported that UFS management was in the final stages of the process to align the conditions of service of the Qwaqwa personnel with that of the main campus. The negotiation team, headed by Mr Lourens Geyer, Director: Human Resources, concluded the final alignment phase and signed an agreement with both NEHAWU and UVPERSU to align the conditions of service on the Qwaqwa campus with the main campus.

A few changes were made to the original agreement. Instead of a once-off payment of R12 000 employees received R15 000 for the immediate and total alignment of allowances and conditions of service, policies, procedures and practices with effect from 1 August 2004. This include R12 000 compensation, R1 000 tax relief and R2 000 for not receiving a salary increment. R12 000 was paid to Qwaqwa employees by the end of August and R3 000 at the end of September.

Service workers on the Qwaqwa campus, who will forfeit future subsidisation of a medical aid, had a choice between two options. They could choose to receive a once-off payment of R5 000 where after they will not qualify for a subsidy any longer. An amount of R3 000 was paid to employees choosing this option at the end of August 2004 and R2 000 at the end of September 2004. Their other choice was to receive a once-off payment of R3 000 and a medical subsidy until 31 December 2005, where after the subsidy will be discontinued. The R3 000 was paid into their bank accounts at the end of August 2004.

Mr Geyer expressed his satisfaction with the process. His expectations were exceeded when NEHAWU and UVPERSU accepted and signed the agreement to finalise the second phase of the alignment process. “We expected to finalise the second phase before the end of November, but with the joint commitment and co-operation of the negotiation parties we were able to conclude the negotiations in September,” he said.

# Top management committed to PMS

Top management as a pilot group is committed to a performance management system (PMS), said Mr Pierre Marais, an external consultant for PMP Ke Nako. This commitment is an indication of the seriousness in which top management views the necessity of the system and to what extent they encourage staff members to commit to the success of the system.

He said a measure of flexibility will be allowed to account for the specific circumstances for faculties and departmental needs and the particular management styles of managers while a generic and standardised system is necessary for the purpose of uniformity.

The theory and practice behind a PMS has been fully outlined within the document *Performance Management System and Performance Management Process: Theory and practice. First version for the preparatory orientation sessions, July 2004 – November 2004.* This forms the terms of reference for the implementation of the PMS in pilot groups during 2005. The document is based on a critical analysis of case studies conducted at various South African higher-education institutions, participative workshops conducted at various university levels as well as a critical reflection on current national and international practices and policies.

In discussions with the pilot groups, key issues such as comparability across departments and faculties and the need or desire of some staff to specialise, for example in research, were raised and are being addressed by a technical committee.

# Minister praises MUCPP initiative

The Minister of Labour, Mr Membathisi Mdladlana, singled out the Mangaung- University of the Free State Community Partnership Programme (MUCPP) for high praise during a conference at the MUCPP complex. "I am very pleased with what the partnership of different stakeholders can do and I thank all stakeholders for contributing to this initiative. This is the kind of energy that our country needs," the minister said.

He said the MUCPP is a very unusual and important partnership that is directly related to the strategic objectives of government, namely halving poverty and unemployment.

The MUCPP was launched in 1991 as a partnership between the UFS, the local community of Mangaung, local and provincial government and the private sector, in an effort to develop skills and to fight poverty. According to the minister, hundreds of young people, adult learners and people with disabilities have benefited from training and skills development and have become involved in carpentry, welding, painting, cleaning services, gardening and HIV/AIDS awareness programmes.



*Attending the conference are, from the left: Ms Gerda Venter, Compass Insurance, Mr Jimmy Mooke, Botshabelo, Mr Membathisi Mdladlana, Minister of Labour, Ms Vuyo Mahlati, Kellogg Foundation and Ms Margaret Louw, Compass Insurance.*

The MUCPP also provides a means for students of the UFS to render community service. The UFS was one of the first universities in South Africa to adopt a comprehensive community service policy in 2002. Community service is integrated into curricula through service-learning modules. It is of great importance that the UFS should support community sites such as the MUCPP where a holistic and integrated approach to mutual and reciprocal development of all partners is followed, he said.

# UV fisioterapeute vat vas met nasionale rugweek



Me. Nilo Terreblanche en Elmarie Nienaber, beide fisioterapeute van Nienaber Fisioterapeute, het met die internasionale rugweek hul slag gewys toe hul pasiënte geëvalueer het en oefeninge en inligtingstukke uitgedeel het by die Sportgeneeskunde-kliniek by die Mabaleng A-gebou op kampus.

Me. Arina Louw van Kovsiegesondheid nooi alle personeel, studente sowel as die publiek uit om gebruik te maak van die dienste wat gekwalifiseerde fisioteratpeute op kampus bied teen mediesefondstariewe. "Dié terapeute kan akute sportbeserings, enige gewrigspyne (skouers, knieë, heupe en enkels) en nek- en rugspierspasmas behandel. Hulle verstrek ook inligting, tuisraad en oefeninge vir chroniese nek en rugpyn," sê me. Louw.

*In aksie is fisioterapeute mes. Terreblanche (links), Nienaber (regs) en Louw.*

# 'n koppie koffie met...



## Dot Wilken

***'Verdra mekaar en bly positief'***



*Me. Dot Wilken.*

Dorothea Wilken, beter bekend as Dot of Kolletjie onder haar kollegas, was dertig jaar werksaam by die UV. Vanwaar die naam Kolletjie vra ek. Met 'n glimlag vertel sy dat Gert Aucamp, 'n vorige baas, geglo het dat die UV 'n Afrikaanse instelling is, en op grond hiervan sal sy nie bekend staan as Dot nie, maar as Kolletjie.

Dot se loopbaan aan die UV het by Sentrale Administrasie, waar sy met klasgeld-betaling gewerk het, begin. Vroeg al was die toe vurige rooikop in die moeilikheid. Sy vertel dat 'n reël ingekom het vir studente om hul studentekaarte te toon by betaling van hul klasgelde. " 'n Mens wou tog nie verniet al 27 verskillende kwitansieboeke voltooi en dan later uitvind jy het 'n verkeerde naam of nommer neergeskryf nie. Eendag kom daar toe 'n mediese student wat nie sy kaart wil toon nie. Mediese studente het ander reëls gehad waarvan ek nie bewus was nie, en gevolglik het ek aangedring dat hy sy kaart toon. Die volgende oomblik bevind ek my toe op die rooi tapyt. Blykbaar was ek 'n *terror* by die toonbanke," sê Dot.

Drie jaar later begin sy by die Skakelburo werk waar sy nou met donateurs saamwerk. "Hier het ek met die Kalama200-stelsel, 'n boekstelsel om donateursgelde te verwerk, gewerk," sê sy. Voordat rekenaars in gebruik geneem is, het ons op "hammer" tikmasjiene bedankingsbriewe getik en foute met Tippex gekorrigeer. Sy onthou nog goed hoe prof. Benedictus Kok, rektor in daardie tyd, alle bedankingsbriewe self geteken het en natuurlik het hy die gebruik van Tippex ten strengste afgekeur. "Later het die UV rekenaars in gebruik geneem, wat ons werk baie vergemaklik het," sê Dot. Dit was vir my 'n hoogtepunt om te kon sien hoe die UV met die tyd gegroei het.

'n Ander hoogtepunt was die stigting van die rekenkundige gedeelte van die Alumni Trust. "Ek, Johan Botha en George de Lange het dit in 1997 op die been gebring. Die doel van die trust was om aan oud-studente 'n fonds van hul eie te gee sodat studente kon voordeel trek van beurse uit die trust."

Op die vraag wie 'n groot impak op haar lewe hier by die UV gemaak het, antwoord Dot sonder om twee maal te dink, " 'n Vorige baas by die Skakelburo, mnr. Badie Badenhorst. Hy het altyd gesê 'n baas moet weet dat hy respek moet verdien, 'n mens kry dit nie sommer nie. Hy was baie statig, maar ook baie behulpsaam. Hy het homself nie te belangrik geag om sy arms uit sy moue te steek nie en het al gehelp om koeverte te vul. 'n Ander persoon vir wie ek baie respek gehad het, was mnr. Jerry Brynard. Ek het hom as student en later as direkteur geken. Hy het 'n sprankelende geaardheid gehad en sy verhouding met sy personeel was goed," sê Dot.

Alhoewel Dot einde Januarie amptelik aftree by die UV, het sy in Oktober al ophou werk. "My aftrede het vinnig en skielik gekom. Baie dinge in my lewe het verander en ek het nog nie beplan wat ek na my aftrede gaan doen nie, maar ek oorweeg die moontlikheid van 'n halfdagpos. Dan sal ek miskien wil rondry, kuier en die lewe geniet. Met al die veranderinge wat die UV nou ondergaan is dit belangrik om mekaar te verdra en positief te bly," sê Dot aan almal wat agterbly.

# Sielkunde-student kry gesogte beurs

'N Besondere eer het 'n doktorale student in die Departement Sielkunde aan die UV te beurt geval. Mnr. Allan Grootboom, 'n ingeskrewe student in die Ph. D Kindersielkundekursus het 'n beurs van die Africa-America Institute ontvang. Hy is die eerste persoon in die Vrystaat en Noord-Kaap wat die beurs ontvang.

Die beurs van R300 000 oor drie jaar maak onder meer voorsiening vir bywoning van internasionale kongresse en drie tot ses maande se navorsing in die buiteland. Sy navorsing handel oor *The epidemiology and effect of racism on high school learners: A cross-cultural perspective*. Mnr. Grootboom is aangespoor tot dié onderwerp nadat hy opgelet het dat baie min gedoen word oor die effek van rassisme op skoolkinders. "Die MIV/vigs-stigmatasie het by baie 'n velkleur, so asof net 'n sekere kleur mens vigs kry," sê hy.

Mnr. Grootboom is die provinsiale MIV/vigs-koördineerder in die Noord-Kaapse Departement van Onderwys. Sy studieleier is prof. Dap Louw, Hoof van Departement Sielkunde.



*Mnr. Allan Grootboom.*



*Van links is mnr. Kobus Linde, Voorsitter: ATKV Bloemfontein-tak; me. Esti Trumpelmann, Huiskomiteelid vir Kultuur 2004: Huis Vergeet-my-nie; mnr. Louis Botha, Afdelingshoof: Kovsiekultuur; en mnr. Jan van Niekerk, Huiskomiteelid vir Kultuur 2004: Huis Verwoerd.*

# ATKV vereer Kovsiekultuur

Die ATKV Bloemfontein-tak het met die Kovsie Xtravaganza-geleentheid Kovsiekultuur vereer vir die besondere bydrae wat hy gelewer het tot die bevordering van kultuur. Die koshuiskultuurwenners is ook by dié geleentheid aangekondig. Huis Verwoerd en Vergeet-my-nie is onderskeidelik as die beste mans- en dameskultuurkoshuise aangewys.




*Mr Banny Macholo, Mr D.T. Zoko, Sports Officer at Qwaqwa campus, Ms P. Rabotapi, Social Worker at Qwaqwa campus, and Mr Timmy Mohlakoana.*

# Wind could not stop sports day

In spite of the gale force winds and dust the university sporting clubs braved it in a sports gala at the Qwaqwa campus of the UFS. The sporting codes participating were soccer, netball, basketball, aerobics, chess, volleyball, dance, athletics and bodybuilding. ABSA Bank donated R15 000 to facilitate the event, which began with indoor activities and continued with field sports and more indoor contests.

On behalf of ABSA, Mr Banny Macholo, Retail Banking Services Manager, Student Bureau, Bloemfontein and Mr Timmy Mohlakoana, RBS Manager Phuthaditjhaba, attended the sports day. They said the relationship that developed between ABSA and the UFS-Qwaqwa campus during this event, had been very profound and helpful to the immediate community, which is very rural and poor. Most students are from this community.

# UFS excels at SIFE World Cup

Beating off the competition of 38 countries, Students in Free Enterprise (SIFE) UFS has once again proved its worth by finishing third at the SIFE World Cup in Barcelona, said Mr Werner Schmidt, SIFE Faculty Advisor and Senior Lecturer at the UFS Centre for Accounting. The two teams who beat the UFS by a nose were Curtin University of Technology of Australia and Flagler College of the United States, he said.

# UFS smoke-free workplace

The Executive Management has adopted a draft policy for a smoke-free environment. The draft strictly prohibits smoking in all public places on campus, and includes but is not limited to offices and shared office space, laboratories, toilets, corridors, lifts as well as student residences.

The draft is in line with government legislation, namely the Tobacco Products Control Act (Act 83 of 1993) that prohibits smoking of tobacco products in any public place.

The implementation of a policy for a smoke-free workplace does not oblige the smoker to stop smoking. It merely requires him/her to respect his/her workplace and colleagues. This applies to all staff members and students of the UFS regardless of their rank or seniority.

# UFS Celebrates





*The art museum in the Centenary Complex.*



*The Botshabelo String Quartet playing at the open-air honorary doctorate ceremony.*



*Dr Khotso Mokhele, President of the National Research Foundation, receives an honorary doctorate.*



*Prof. Deon Lamprecht from the Department of Music with Proff. Jack de Wet and Leo Quayle who received honorary doctorates for their significant contributions towards the development of music nationally and internationally.*



*Prof. Magda Fourie, Vice-rector: Academic Planning, and Prof. Saleem Badat, CEO of the Council on Higher Education. He received an honorary doctorate from the UFS.*

# 100 years






At the opening of the Centenary Complex.



Prof. Lucius Botes, Director of the UFS Centre for Development Support, and Mr Sofonea Shale from the Lesotho Students Association.




Dr Mamphono Khaketla, Lesotho Minister for Communications, Science and Technology.

# Wanneer ek op 'n beleggingsplan besluit, is jou kleur die eerste oorweging.



**Ben Opperman**
Senior Onafhanklike Finansiële Adviseur
051 407 8156
082 457 2240
benoprmn@intekom.co.za

## Wat is jou kleur?

sim.sense Die nuwe hulpmiddel van Sanlam Beleggingsbestuur wat dit eenvoudig maak om te belê. Skakel **Ben Opperman** om uit te vind of jy rooi, pers of oranje is – en hoe jou kleur jou beleggingskeuse beïnvloed. Vir verstaanbare belegging.

Sanlam
*Ons dink vooruit*

Sanlam CI0032MS0016BPA

# 5 Minute



# Standbeelde, ivoortorings en uitskieters

Dagsê

Bultjie was 'n tyd gelede by 'n universiteit omring deur pragtige berge om daar te gaan loer hoe hulle filosofeer, werk en woeker. Na twee dae het ek 'n bietjie kloustrofobies begin voel. 'n Vrystater soek vlaktes om vêr te kan kyk. Nou reken my kollega daar, natuurlik ook 'n oud-Kovsie-dosent, dat hy ook terugverlang na ooptes en oop koppe! En dit nogal oor 'n heerlike bord fynproewersgeregte en 'n glasie "tee" van die omringende plase. Ekskuus! Landgoedere! Die voordeel van so 'n "evalueringsbesoek" is dat jy verskriklik bederf word! Mammie sê: *"Sulke besoeke is in elk geval net om verniet aeroplane te ry en te gaan kwaad doen. Because Bloemfontein is too small a city to sin in!"* Kan jy glo! Die gevaar, volgens my kollega daar, is dat 'n mens so maklik veilig kan voel tussen die beskutting van die pragtige berge en die wêreld daarbuite kan vergeet.

Die nag lê ek (vreeslik alleen!) in 'n pragtige gastehuis en dink oor Onse Plekkie en sy mense. Toe besef ek, Vrystaters was nog altyd vêr-sienende mense. Kyk nou maar na Pres. Brand se standbeeld in Maitlandstraat wat dophou of daar nie dalk 'n Ingelsman doer onder van die trein afklim nie. Genl. de Wet op sy perd voor die Wetgewer wat noordwes kyk na wanneer die Transvalers dan tog nou gaan kom help met die Anglo-Boereoorlog.

Pres. Steyn, wat voor die Hoofgebou staan en wonder wanneer die studente dan tog nou van die Intervarsity af gaan terugkom. Pres. Blackie Swart wat voor Regte sit en wonder wanneer prof. Boelie gaan aftree! Die vrou met haar kind op die skoot by die Vrouemonument wat sit en wag vir haar man wat by Sannaspos moet veg, maar eintlik lê en *tan* by Maselspoort! Pres. Verwoerd lê op sy rug en wys wolke toe, nadat hy vroeër presies gewys het waar die westewind en vanjaar se droogte sou vandaan kom. En intussen gluur al die skrywers se koppe na mekaar daar in Otto Liebenberg se tuin by NALN om te bepeins wie het waar plagiaat gepleeg en wie nóg met Ingrid Jonker 'n "*affair*" gehad het.

But back to Kovsieland and people with a vision of the future. One of them is certainly Prof. Helena van Zyl and the UFS's School of Management. On 21 October they presented the largest global satellite broadcast up to date, bringing together the world's leading business authorities such as Mr Donald Trump, Mr Mikhail Gorbachev, Nobel Peace Prize Winner and former president of the Soviet Union, Mr Jim Collins, author of *Good To Great*, Mr Peter Drucker, author of *The Effective Executive,* and Prof. Rosabeth Moss Kanter from the Harvard Business School. From the USA, Mr Ken Blanchard, author of *The One Minute Manager,* Mr John C. Maxwell, author of *The 21 Irrefutable Laws of Leadership*, Mr Russell Simmons, co-founder of Def Jam Records, and Mr Larry Bossidy, co-author of *Execution: The Discipline of Getting Things Done.* Bultjie sien Gorbachev is ook in die pakkie. Was Stalin nog daar sou die laaste boek my versigtig gemaak het! Maar die konferensie, *2004 Living Leadership: Delivering Results the Right Way,* is 'n moet vir ekonome.

The University of the Free State also awarded honorary doctorates to candidates from a wide spectrum of specialty fields such as Dr Calvin Seerveld from Toronto, Prof. Y.K. Seedat from the University of KwaZulu-Natal and Dr Mary Seely, Executive Director of the Desert Research Foundation of Namibia. Kovsielanders kyk vêr en erken akademiese prestasie ook buite sy domein. Dankie aan die voorstellers van die name! Hulle is dit waardig!

'n Uitskieter op kampus wat Bultjie ook al lankal dophou, is dr. Lochner Marais met sy navorsing oor die finansiële voordele van sportaktiwiteite in ons streek. Sulke praktiese navorsing steun groot besluite, soos om 'n nuwe sokkerstadion op die kampus te bou vir die Wêreldsokkerbeker in 2010. O, hoor jy die magtige dreuning? Oor die veld kom dit wyd gesweef! Menslike Bewegingsmense! Hou die oë oop! Ons soek 'n Kovsie in daai span!

Bultjie is also proud of the excellent community service provided by the MUCPP, in partnership with local and provincial government and the private sector, in their effort to develop skills and contribute to fighting poverty in the local community of Mangaung.

As the Minister of Labour, Mr M.M.S. Mdladlana said: "I can just salute those that have made it possible, and to encourage you to keep up the good work." Mooi manne en vroue in prof. Basie se span! Dis om vêr te kyk! Lankal al! Oor berge wat 'n paar jaar gelede onoorkombaar gelyk het. Smeer aan en kom! Skep harmonie, vrede en lewer diens aan jou medemens! Dit maak Onse Plekkie se mense uniek!

*Bultjie*

## Bemarking sê dankie

Mnr. Gerhard van Rhyn, Hoof: Programbemarking en Alumni, het tydens 'n funksie personeel bedank vir hul betrokkenheid om die UV te bemark met die Volksblad-kunstefees. Duisende mense van oor die hele Suid-Afrika het die kampus in die tyd besoek.



*Me. Elize Rall (regs), van UV-Bemarking, het baie van die reëlings vir die Kunstefees behartig.*

# First to get doctorate



*Dr Zacheus Matebesi*

Dr Zacheus Matebesi from the Centre for Health Systems Research and Development was awarded his doctorate during the September graduation ceremony. He became the first black lecturer in this department to obtain a doctorate. His doctoral thesis was *Living with TB: The "career" of the Tuberculosis patient in the Free State, South Africa.*

# Musiek was ook deel van vieringe

Die Departement Musiek se 100+ Musiekfees het deel gevorm van die vieringe van die 100-jarige bestaan van die UV. Dié fees het bestaan uit daaglikse etensuur-konserte, lesings en aandkonserte. Die bedrywighede is afgewissel met skemerkelkies wat deur personeel, studente en konsertgangers geniet is.

Studente en oud-studente van die departement het vir die drie middagete-konserte gesorg. Oud-studente Johan Cromhout, Brigitte Botha en Leana Lötter het opgetree, terwyl die huidige studente verteenwoordig is deur Lesley Ann Mathews, Danrè Strydom en Piet van Rooyen in die kamermusiekkonsert; en verskeie ander voorgraadse en nagraadse studente in die studentekonsert. Die Botshabela Strykorkes onder leiding van Peter Guy het by twee geleenthede vir vermaak gesorg.

Benewens uitvoerings het drie dosente van die UV se kunste-departement, drr. Ian Drennan en Martina Viljoen van Departement Musiek, en prof. Nico Luwes van die Dramadepartement, 'n ekstra akademiese dimensie aan die fees besorg met hulle skemeruurlesings.

Die aandkonserte het gespog met die uitvoerende personeel van die Departement Musiek. Personeelkonserte met gaskunstenaars Piet Koornhof, Human Coetzee en Elizabeth Lombard is aangebied en die Henkins-Cillliers Trio (met Francois en Tilla Henkins en Dana Cilliers) het ook 'n uitvoering gegee. Vir die personeelkonserte het Nicol Viljoen, Albie van Schalkwyk, Heinrich Armer, Hanna van Niekerk, Dana Cilliers, Kenau Beck en Leona Geldenhuys besonder interessante programme saamgestel en gesorg dat dié konserte nog lank in die geheue van konsertgangers sal bly.

Hans Huyssen, barokspesialis van Kaapstad, het 'n barokwerkwinkel aangebied wat afgesluit is met 'n lesing deur musiekterapeut Helen Henderson. 'n Koorkonsert met die Alumni Kamerkoor, die Universiteitskoor, Voices Unlimited en Voices Incorporated en die Sentraal Laerskoolkoor was ook ingesluit by die feesprogram.

Die 100+ Musiekfees is op 'n hoogtepunt afgesluit met 'n simfoniekonsert gedirigeer deur Xandi van Dijk, met soliste Piet Koornhof (viool) en John Wille (altviool).

# Groot idee motiveer Landboubestuur

Dr. Wimpie Nell, Direkteur van die Sentrum vir Landboubestuur, en sy personeel het die Big Idea-konferensie, wat deur HBD Venture Capital en die Innovation Fund aangebied is, bygewoon met die doel om hul visie ten opsigte van bemarking te verbreed. Me. Dora du Plessis, sekretaresse vir die afdeling, sê hulle het baie geleer en het gemotiveerd na hul werksplek teruggekeer. "Ons het anders begin dink oor bemarking en hoe om innoverend te begin dink," sê sy.



*Van links is me. Dora du Plessis, mnr. Hannes Hattingh, navorsingsassistent, me. Ntsikane Matela, PH.D.-student en deeltydse dosent, mnr. Bill Gibson van Knowledge Brokers International en spreker op die konferensie, mnr. Kholofelo Thobejane, navorsingsassistent, en dr. Wimpie Nell.*

# Music revival in FS schools

The Department of Music at the UFS and the Provincial Department of Education are working together to give 75 teachers from Botshabelo and Mangaung instruction in choir techniques in preparation for the Tirisano Choir Competition, said Ms Leona Geldenhuys, Lecturer at the Department of Music. All schools in the country are obliged to participate in the competition. Monday afternoons the Department of Music gives instruction in basic music techniques, music theory and conducting techniques to enable these teachers, with no formal music training, to meet the standards of the competition.

Mr Meshack Ntseki, teacher at the Khathsatso School in Botshabelo, said the training that they received was excellent. Before the training he only knew about tonic solfa but after his Monday afternoon classes at the Department of Music he now knows about the relationship between solfa notation and stave notation.

Ms Julia Dikana of the Tlotlanang School in Thaba 'Nchu said the attitude of the lecturers at the Music Department was remarkable. "They accepted us as we are and were friendly and helpful. Music became alive at my school," she



*From the back left are Ms Oliphant, a B.Mus student, Ms Geldenhuys and in front are Mr Ntseki and Ms Dikana.*

# UV-studente stap met R100 000 weg

Drie studente van die UV het met altesaam R100 000 se pryse in die Kovsie-been van 'n Nasionale Innoveringskompetisie weggestap. By die UV het prof. Gerrit van Wyk, Direkteur: Entrepreneuriese en Akademiese Projekte, die projek bestuur. Die doel van die kompetisie was om entrepreneurskap deur die kommersialisering van innoverende idees van jong entrepreneurs te bevorder.

Projekte is beoordeel op grond van die innoverendheid van die idees van die studente, die markvraag, vermoë om as intellektuele eiendom beskerm te word, en die kommersialiseringstrategie wat die student bedink het.

Me. Elsie van Dalen van die Departement Dierkunde en Entomologie aan die UV was die wenner van die eerste prys (R50 000) vir 'n projek oor bosluisweerstandtegnologie waardeur bosluise se weerstand teen antibiotiese middels vinnig en goedkoper opgespoor kan word. Dit neem normaalweg tot 20 jaar voordat weerstand teen hierdie middels waargeneem word.

Mnr. Johan Eksteen, het die tweede prys (R30 000) gewen met 'n verkorrelingsmasjien waarmee feitlik enigiets verkorrel kan word. Die tegnologie daarvoor bestaan, maar niemand het nog so 'n masjien gebou nie. Met die masjien bestaan die moontlikheid dat fyn steenkool wat op ashope by myne beland, nou verkorrel en sinvol gebruik kan word. Dit kan die lewensduur van die myne verleng en ook veel vir die ekonomie van die land beteken.



*Die wenners van links is mnr. Josephus Fourie, me. Elsie van Dalen en mnr. Johan Eksteen.*

Mnr. Josephus Fourie, ook van Departement Dierkunde en Entomologie, het die derde prys (R20 000) ontvang met 'n akwakultuurprojek in die Vaalhartsgebied waar babers vir die Suid-Afrikaanse en internasionale mark gekweek word. Die vis is gewild en 'n goeie bron van proteïen.



# Klippies in my skoen

## 'Nie meer as 10% gelukkige personeel'

**Ontnugterd skryf:**

Dit is met 'n gevoel van magteloosheid dat ek vandag die pen in die gal doop. Die galpil blyk die alreeds holruggeryde sagtewarefiasko te wees. Hordes gerugte doen die rondte – dat die koopprys in die orde van R40 miljoen was. Dat die verskaffers nou nog R400 per uur ontvang om ABACUS aan die gang te kry. Dat ons, 'n akademiese inrigting, ons leerprogramme moet aanpas en modules moet verminder om die sagteware te akkommodeer.

Baie dosente werk baie ure oortyd, en kry daar niks voor nie. Dat sekere afdelings selfs verbied is om enige kommentaar rakende die aangeleentheid te lewer. Dat meer personeel aangestel moet word om die saak te bedryf. Daar word tans baie verdedigend gekolf as dit by hierdie aangeleentheid kom. Kom ons wees deursigtig, wat kos die sagteware werklik? Wie is verantwoordelik vir die penarie? Gaan diegene medaljes kry of bevorder word? Wat het geword van toerekenbaarheid?

Al wat die sagteware reggekry het, was om ongelukkigheid onder die personeel te veroorsaak. Akademici is verantwoordelik gemaak vir take wat voorheen deur administratiewe personeel hanteer is. Dit nieteenstaande die feit dat die akademici reeds na ure, sonder ekstra vergoeding, moet werk aan onder andere: voorbereiding, die merk van vraestelle, veldskole, jaarboeke en die daarstel van notas.

Hierdie tipe personeelbestuur maak personeel ongelukkig en dislojaal. Ek wil sover gaan en die stelling maak dat daar tans, behalwe topbestuur, waarskynlik nie meer as 10% gelukkige personeellede op die kampus te vinde is nie.

Indien ons op die kampus rondkyk en sien hoe kwistig daar met geld te werk gegaan word, dink maar net aan die wandellane en bulte oor die paaie, wat gebou en dan weer afgebreek en weer gebou word, die Eeufeeskompleks, die veranderinge aan die Hoofgebou en terselfdertyd gerugte dat daar nie geld is om veel van 'n verhoging te verwag nie, kan 'n mens nie anders as om in opstand te kom nie. Voeg hierby die fortuin wat aan sagteware bestee is en dat opgeloopte verlof van personeel, wat nie in staat was om verlof te geneem het nie, in gedrang is, kan die afleiding gemaak word dat die 10% waarskynlik 'n oorskatting van die ware toedrag van sake is.

Sedert ek 35 jaar gelede aan die universiteit geland het, het baie dinge verander. Ja, daar was goeies ook, maar ons kliëntediens bestaan amper nie meer nie.

Wat gee 'n Universiteit bestaansreg, sy studente natuurlik. Kry hulle nog voorkeur by die daarstel van 'n eksamenrooster? Word hulle behoeftes nog enigsins in ag geneem? Is daar nog persone by die administrasie na wie hulle hulle kan wend indien daar 'n probleem is of moet hulle in lang toue staan en wanneer hulle aan die beurt kom hoor hulle moet iemand anders gaan sien. Dan praat ons nie eers van die chaos tydens die registrasieproses nie.

Ons eeufeesjaar gepootjie deur sagteware – ondenkbaar! Hier aan die UV swaai die stert die hond nou hewig rond.

**Prof. Teuns Verschoor, Viserektor: Akademiese Bedryf, antwoord:**
Jinne, nie net het *Ontnugterd* pen in die gal gedoop nie, hy/sy het die inkpot sommer omgestamp. Maar daarvoor is ook begrip want ons het regtig drie rowwe jare agter die rug. Personeel in alle afdelings van die universiteit is vaal gewerk. Die irritasie drempels is laag. Die administratiewe stelsels bly nie by nie. Dit kon anders gewees het. Ons kan 'n enkelmediumuniversiteit gebly

Klippies ... vervolg op p15

# Pansa hosts workshop on fundraising

The Performing Arts Network of South Africa (PANSA) hosted a full-day workshop on the topic "Professional Resource Mobilisation and Practical Proposal-writing." The main focus of the workshop was on raising funds, mobilising resources, a hands-on approach to writing funding proposals, as well as developing a winning attitude to attracting donors. The workshop has been specially designed for arts and culture practitioners.

Dr Riaan Els, a specialist in this area, facilitated the workshop. He heads up one of the oldest and largest private foundations in the country, the Fuchs Foundation.



*From the front, left are Ms Tammy Ballantyne, PANSA National Coordinator, and Dr Els and from the back, left are Prof. Nico Luwes, Chairperson of PANSA in the Free State and Head of the Department of Drama and Theatre at the UFS, and Mr Thami Moleko, local artist of the Mayibuye Emsemble.*

Klippies ... vanaf p14

het, nie die finansiële draai deurworstel het nie, obstruktief gewees het ten aansien van die inkorporasie van die Qwaqwa en Vista-kampusse – en dan waarskynlik onder die beheer van 'n deur die minister-aangestelde administrateur gewees het, met te min studente en nog minder personeel.

Maar ons het besluit om die stang vas te byt. Parallelmedium-onderrig is ingevoer wat ons lesingtyd verdubbel het. Ons het nagte deur onderhandel om 'n relatief vreedsame oorgang te maak na die vestiging van die universiteit as 'n multikulturele instelling. Ons het 'n finansiële draaistrategie onderhandel. Ons het deur 'n hartseer personeelverminderingsoefening gegaan, wat in die laaste ronde veral die steundienste beduidend teruggesnoei het.

En toe verdubbel ons studentegetalle effektief binne drie jaar, wat niemand in sy wildste verwagtinge voorsien het nie, en waarvoor ons personeelkorps en ons bestuurs- en administrasiestelsels nie gereed was nie. Die groei het ons instelling gered, en ons in staat gestel om ons flentergatplek weer mooi te maak en beter toe te rus.

Maar die beheer en bestuur van die enorme studentegetal mergel ons uit. Veral omdat die groei gekom het net ná 'n snoei in steundienste, wat meegebring het dat almal moes inspring om te help. Die ou sagteware kon die hoeveelheid data nie meer hanteer nie, en nuwe stelsels moes ingevoer word, welwetend dat dit nog 'n vermoeiende en frustrerende infaseringsfase sou meebring – met verdere uitbranding van personeel.

Die hoop beskaam egter nie. Die stukke val weer een vir een in plek. Stelsels en beleide word stuk vir stuk verbeter, deeglik begrond en geaktiveer. Maar dat ons ons teen die planke gewerk het, is ongetwyfeld. En dat ons kliëntediens nie oral kon bybly nie – is 'n feit. En dat *Ontnugterd* daaroor grof omgekrap is, is duidelik. Maar ons kan darem nie rooskwekers wees wat net die luise raaksien nie.

# Kampusgeboue gesels verder…

"Na die tydperk toe geboue soos die Landbougebou met 'n helderkleurige mosaïek en vreemde voorkoms op kampus opgerig is, breek die laatmodernisme aan," sê mnr. Kobus du Preez, Lektor by die Departement Argitektuur aan die UV.

Argitekte wat laatmodernistiese geboue ontwerp het, het baie keer 'n enkele aspek van die modernistiese tradisie geneem en dit heeltemal oordryf. Hulle sou die skulpturele, materiële of geometriese gedagtes van die vroeë moderniste oorneem en heeltemal uitbuit. Op die kampus is daar heelwat voorbeelde van laatmodernistiese geboue soos die CR Swart (1970), Stef Coetzee (1970 - INEG en ISEN), Francois Retief (1972 - Gesondheidswetenskappe), George du Toit-administrasie (1973), Flippie Groenewoud (1974) en die Sasol UV-biblioteek (1980).


Hierdie groep geboue moes die prestige en beeld van die kampus in die sewentigerjare uitdra. Daar is in dieselfde tyd ook geboue op die kampus opgerig wat nie beelddraers was nie, maar eerder utilitêre geboue, soos die van Argitektuur, Grondwaterstudie en Tegnologiese Opvoedkunde. Toe dit destyds opgerig is, is daar na die Argitektuurgebou verwys as 'n tydelike gebou. Erens tussen die beelddraers en die utilitêre geboue van die sewentigerjare, is die groot aantal koshuise wat uit dieselfde tyd dateer – nie heeltemal afgeskeep nie, maar ook nie heeltemal beelddraers nie.


"Na laatmodernisme kry ons postmodernisme," sê mnr. Du Preez. Daar is nie werklik 'n goeie voorbeeld van 'n postmodernistiese gebou op kampus nie. Na die postmoderniste is daar onder die baie verskillende groepe die neomoderniste. Die Thakaneng-brug is 'n netjiese voorbeeld van so 'n gebou.

Mnr. du Preez sê: "Die kampusgeboue is verstommend in pas met dit wat in die res van die wêreld op argitektoniese gebied gebeur. Ondanks fisiese afstande, sanksies en afsondering op ander maniere, is dieselfde invloede ook mettertyd hier sigbaar. Wat ons om ons sien, is die verskil wat 'n 100 jaar van akademiese aktiwiteit aan 'n kaal bultjie buitekant Bloemfontein kon maak. Dink net wat in die volgende 100 jaar uitgerig gaan word!"


CR Swart-gebou



Francois Retief-gebou


George du Toit Admin-gebou


Sasol UV-Biblioteek


Thakaneng-brug

# ...Bottom Line...





## ACCOMMODATION

**STUDENT ACCOMMODATION (CAPE TOWN)**

**Ideal for large/small groups (sports groups/academic/ holiday accommodation)**
**Five star budget accommodation**
**Conveniently situated close to UCT and all that Cape Town offers**

**Rate:**
**From R75 / sharing**
**Bed & Breakfast (Continental)**
**Meals available upon request**
**Phone : (021) 447 9056**
**Fax : (021) 447 5192**
**E-mail :** info@riverview.co.za
**www.capebudgetaccommodation.co.za**
**www.riverview.co.za**
**Special group rates / Long staying guests are eligible to our discount**



## Publikasiebesonderhede

Informa word saamgestel deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie aan die UV.

**Redakteur:** Leonie Bolleurs

**Ontwerp en uitleg:** Chrysalis Advertising & Publishing

**Drukwerk:** Print 24

**Menings wat in Informa gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die redakteur, Afdeling: Strategiese Kommunikasie, of die Universiteit van die Vrystaat nie.**

informa.stg@mail.uovs.ac.za

http://www.uovs.ac.za/publications
http://www.uovs.ac.za/publikasies


## Twee van Geskiedenis lewer saam 'n referaat

Dr Jan-Ad Stemmet en me. Marietjie Oelofse van die Departement Geskiedenis aan die UV het gesamentlik 'n referaat by die Internasionale Konferensie oor *A decade of freedom, celebrating the role of the international anti-apartheid movement in South Africa's freedom struggle* gelewer wat by die ICC in Durban aangebied is.

Hul aanbieding het geheet *The struggle, scapegoats and Botha's Babylon: Reflections on the way that the regime of PW Botha viewed the international anti-apartheid campaign.*



*Me. Marietjie Oelofse en dr. Jan-Ad Stemmet.*

## Advertensies

**Koop ou horlosies**, werkend of nie werkend, vir kontant. Vir meer inligting skakel mnr. J.C. King by 051 444 5329.

**Gastehuis op Stellenbosch:** Kleine Herberg Gastehuis. Geleë in veilige, rustige Mostertsdrift, naby Coetzenburg-sportgronde en Eersterivier. Bed en ontbyt asook selfsorg. Dubbel R180 p.p. en enkel R240 p.p. Spesiale tarief vir langtermyngaste. Skakel Carien Smith by 021 887 5558 of 082 331 8834 of stuur e-pos na kleineherberg@yahoo.com.

**Vakansie-akkommodasie in Hartenbos**. Nuutgeboude eenhede wat 6 slaap – 2 slaapkamers en 2 badkamers, oop plan, onderdak braai en swembad. R800 per dag per eenheid. Karavaanstaanplek deel van eenheid (R150 ekstra, opsioneel). Stapafstand van alles. Skakel asseblief dadelik 0822009421.

**Kamer te huur** vir dames Mediese/ Regstudent in Brandwag. Aangrensend aan hoofhuis (veilig), eie, privaatingang, badkamer en mini-kombuisie, gemeubileerd en parkering in erf vir motor/motorfiets. Stapafstand van UV, Pick 'n Pay, Mimosa Mall, College Square en Bloemgate. Huur (R950 per maand) is vooruit betaalbaar (water, elektrisiteit en wasgoed ingesluit). Skakel me. De Beer enige tyd by 0729001905 of saans by 4488818.

**Adresplakker**